# Die Verborgenheid van JaHWeH

Soos gedikteer aan Francois Fourie deur die innerlike woord van ons Verlosser, JaHshua Messias, gedurende Februarie 2008.

Gedruk, geset en uitgegee deur

**Die Dogter van Sion**
Kameeldrif 225,
Pretoria-Wes

Posbus 1130,
Hartebeespoort,
0216
Webwerf: www.nuweopenbaring.co.za

# DIE VERBORGENHEID VAN JAHWEH

## HOOFSTUK 1

Ek het julle al baie vertel met dit wat EK julle gegee het in die boeke van MY skryfknegte. EK wil julle egter nog ‘n paar dinge bekend maak, hoe EK werk en hoe EK dinge vir julle beplan het. MY kinders, julle is in hierdie land geplaas vir ‘n spesifieke doel. EK, julle VADER, weet waarom en as julle dit ten volle sal besef, sal julle juig in blydskap en aanbidding. EK sal julle bekendmaak wat julle moet weet oor hierdie groot stryd in julle land wat EK julle sal gee. EK maak julle attent daarop om MY woorde lewend in julle op te neem, sodat EK MY verborgenheid aan julle bekend kom maak. EK is julle VADER en in hierdie tyd sal EK SELF julle lei. Leer van MY, want die tyd is min. MY skryfkneg twyfel nog of hierdie boek wat EK aan hom gee, die lig gaan sien as gevolg van die tyd wat so min is en EK sê julle dat hy amper reg is. EK het egter nog tyd vir julle gegun en daar sal dus nog tyd wees vir die boekie, as hy hard sal werk vir MY en julle. EK het hom uitgekies om dit aan julle te bring, en nie hyself nie. Dit is MY woorde en nie syne nie. Luister daarom na MY, want EK roep julle nog vir ‘n laaste keer. By dit alles wat EK julle sover gegee het, wil EK net nog hier byvoeg, uit MY groot genade en liefde vir julle, MY kinders, Amen.

# HOOFSTUK 2

EK, julle VADER, roep na julle MY kinders, luister na MY, want MY woorde is die lewe, dit is julle lewe. Hierdie gee EK aan julle, MY skape om die laastes by MY te vergader. MY genade is groot en is grensloos, maar wie ore het om te hoor moet hoor en dit aanneem. Want die tyd gaan verby dat hierdie genade (MY woorde aan julle) ook verby sal gaan en nie te vinde sal wees vir die wat dit nie wou aanneem nie. EK, julle VADER, is grensloos in alles en die seën wat julle sal ontvang omdat julle MY woorde glo, sal ook onmeetlik wees en julle sal beswyk as julle dit noual moet sien. Dit is onbegryplik vir die menslike verstand en kan slegs verstaan word deur ‘n siel wat een is met MY, sy VADER. Dit is die gelykenis van die verlore seun wat julle sal beleef as julle terugkeer na MY, julle VADER. Julle sit en verlang na die peule waarvan die varke te ete kry. Dit is die genot en rykdom van die wêreld. Wie is daar wat nie iets wil besit wat die wêreld hom bied nie? Almal werk vir ‘n groter salaris en die lewe word so gerieflik as moontlik vir die liggaam gemaak. Kyk, dit is alles peule waarvan die varke eet en nie versadig word nie. Hulle hou aan met eet en vergeet gister s’n. Daar moet net meer en meer kom, maar hulle is nooit heeltemal tevrede nie. MY kinders, EK is die VADER wat wag, wat MY oog op die paadjie hou om te sien wanneer MY kind wat agter aantreklikhede van die wêreld aangedwaal het, terugkom. MY loon wat EK gee, is baie groter as alles wat die wêreld julle ooit kan bied. EK nooi julle, kom tuis MY kinders, kom tuis, jul VADER verlang na julle harte wat HOM liefhet en HOM wil behaag. HY wil met julle wandel, hand in hand, en arm in arm. Wie is daar wat sy seun nie liefhet nie, wat verlang dat sy seun na hom ook sal luister en eer? EK sê julle dat

daar wel sulke mense is, maar hulle is volkome duiwels al, deur hulle sonde en dwaling. EK is die goeie VADER, die goeie HERDER. MY skape, herken MY stem en volg dit na, dan sal julle lewe. Jaag MY na en nie die wêreld se begeerlikheid nie. Dan sal EK julle toon wat begeerlik is en julle sal sien dat die rykdom van die aarde ‘n stinkende modderpoel is waar booshede uitbroei. Soek MY dus, julle weet waar, EK het dit al herhaaldelik aan julle gesê. Soek MY in jou hart, in jou liefde, want kyk, EK is daar.

Amen

# HOOFSTUK 3

*2008.02.05*

Ek bring jou weer na My op die hoogte, My kind. Ek is jou Vader, kyk om jou en open jou oë. Ek sal jou wys die verborgenhede van My ryk. Sien, Ek werk met julle elkeen om julle siele te kan wen en te verlos van die boosheid wat nog daarin vassteek en julle aftrek, sodat julle nie opwaarts kan ontwikkel in My ryk nie. Ek werk met elkeen van julle verskillend en dit word dikwels nie herken as My hand in julle lewens nie, maar toeval of ongeluk. Kyk, soos die besering van jou neef, dit kom uit My hand uit, maar dadelik is dit deur julle geïdentifiseer as ‘n ongeluk wat hom getref het. Ek het egter aan jou gesê dat dit uit My hand kom, die ”ongeluk” wat hom getref het. Ek het dit toegelaat, sodat hy deur sy baie pyn vry kan kom van die bose se houvas op hom. Deur die pyn raak dit los en dan woed dit uit as hy self besluit om hom te verbeter (sy siel). Die bose raak woedend en sal alles probeer om sy houvas op hom te handhaaf en begin deur julle (my knegte) te pla en af te trek na die aardse. Hy probeer julle gedagtes besighou met die kinders wat skreeu of dinge wat hy julle hoofde ingee soos aardse musiek of dvd’s wat julle al lank terug gekyk het. Hy hou julle besig met sinnelose drek in julle verstande, sodat julle nie in jul harte tot My kan keer en Ek julle kan sê wat julle moet doen in diè geval nie. Ek is die Een wat bevry en julle weet dit. Deur julle gebed kan Ek so iemand ook bevry van die boosheid wat nog vassteek in daardie persoon. Deur My woord wat julle hom bring en vermanings om die regte keuses te maak, kan Ek sterk

werksaam wees in hom, omdat Ek nie sterk werksaam kan wees in iemand as hy hom nie vrywillig verklaar om mee gewerk te word nie, aangesien Ek niemand dwing nie. As hy sy hart sal versag, sal Ek hom vry maak van die dinge wat hy besluit om op te gee. Ek is ‘n genadige Vader en werk met My verlore skapies om hulle terug te bring na die Vaderhuis. Ek sit en wag vir julle almal, maar julle wat My wil dien, moet kosbare arbeid onder julle broers verrig en hulle oorreed om weer terug te keer na My, hulle vader. Ek is lief vir julle almal, ewe veel, die verlorene sowel as die gevinde. My Vaderhart is bly en die hele hemelskare saam met My, as sò ‘n verlore dwaalsiel terugkeer na waar hy vandaan kom. So wil Ek julle dan op die hart druk om arbeid te verrig in die wingerd, sodat Ek met My krag kan werk onder julle verlore broers en so wil Ek julle ook aanraai, julle wat My dalk nog nie gevind het nie, asook die wat het, om julleself te reinig voor My aangesig, sodat Ek nie hard met julle te werk hoef te gaan nie, want die tyd kom gewis dat Ek julle sal reinig, Ek sal My hele volk reinig en die wat teveel onreinheid in hulle het, sal dit dalk nie maak nie, of baie hard mee gewerk word. Dit is alles onnodig as julle net gehoor sal gee en doen wat Ek julle opdra om te doen. So vermaan Ek julle dan vandag My kinders, luister na My stem wat vir julle die verlossing en die lewe bring, as julle Hom gehoorsaam. So spreek die almagtige Vader van hemel en aarde. Amen.

# HOOFSTUK 4

*2008.02.05*

My kinders, Ek wil julle leer, die diepte van My wese, die ondeurgrondelike en die dinge waarvan julle nie weet nie in My ryk. Julle sal nie alles kan verstaan nie, omdat dit net verstaan kan word deur ‘n siel wat een is met My, sy Vader. Ek sal dit alles aan julle bekendmaak soos julle groei en een word met My. Die tyd is baie min, My kinders, en as julle alles moet leer soos iemand wat studie doen, sal julle nie betyds wees nie. Ek is julle genadig en gee julle die dinge in wat julle moet weet. My skryfknegte kry die diktaat, maar Ek maak dit lewend in hulle, sodat hulle dit kan verstaan soos Ek dit vir hulle sê. Julle moet My lewend in julle opneem, sodat Ek julle almal daar kan inwy in wat julle moet weet vir hierdie tyd wat op hande is. Julle sal moet keuses maak en besluite neem, maar die regte besluit sal slegs vanuit My gees geneem kan word. Ek sal julle moet sê wat om te doen en hoe kan Ek met julle spreek, as julle doof is vir My stem? Hoe sal julle dàn horende word? Ek sê julle nou aan om my lewend in julle op te neem, sodat julle almal My stem sal kan hoor wanneer dit nodig is en glo dit ook, dit gaan nodig wees. Om My lewend in jou op te neem, beteken om vas te glo dat Ek in jou is, in My volle glorie en dat Ek jou kan aanspreek en ook wil aanspreek. Ek kan jou die verborgenheid bekend maak, onthou dit. Dit is My krag wat in jou is en nie jou eie nie. Moenie twyfel nie, want in die twyfelagtige hart kan Ek nie werk nie, omdat die liefde nie teenwoordig is as daar getwyfel word nie.

Ek raai julle aan om dit te doen, om My lewend in julle op te neem. Glo in My, glo dat Ek jou die dinge kan bekendmaak. Kyk, Ek doen dit aan My skryfknegte en hulle twyfel steeds baie netsoos julle, maar die liefde in hulle harte tot My, hulle Vader, stel hulle in staat om verder te gaan en te glo wat Ek sê. Hulle is dan gewoonlik spyt oor hulle twyfelagtigheid en Ek hou dit ook nie teen hulle nie. Netso wil Ek met julle almal ook praat en Myself in julle openbaar. Ek praat onophoudelik met julle, maar julle ore is doof en hoor nie My sagte stem nie. Kom verby julle aardse sintuie, want die aardse is nie die realiteit nie. Vir die wêreld is dit alles, maar in My ryk is dit die dood. Ontwikkel julle sielsore en -oë en aanskou My in My volle glorie wat die aardse oog nie kan verdra nie. Open julle ore en hoor My stem. Open julle ore en verstaan My stem. Dit kan net verstaan word deur die liefde in julle harte tot My, julle Vader. Die liefde sal julle die ondeurgrondelike bekendmaak. Die liefde trek julle nader aan My en so leer julle My ken. Die liefde is die intelligensie van die bewoner van My ryk en sal hom inwy in die eindeloosheid en hy sal dit begryp. Ek is liefde en niemand kan My ken sonder die liefde nie, want slegs liefde herken liefde. Ek is ook almagtig en verskriklik vir die wat aan die verkeerde kant van My kom, maar dit is steeds net liefde. Dit is reiniging, die vuur wat van My uitgaan. Julle mense is baie keer geneig om die liefde af te maak as soetsappige bykomende dinge, waarvan die belangrikheid nie so groot is, as dit om My woorde gaan nie. My woord sien julle slegs as die Bybel en julle verlekker julle daarin om te sien hoe verwoestend Ek kan wees. Maar Ek sê vir julle dat julle My nie ken nie. Julle wil My sien as die tiran wat julle vyande vernietig en julle op ‘n troon plaas. Jou vyand, in jou volk, haat jy sonder om te twyfel waar sy siel heen gaan volgens jou mening.

Het Ek nie duidelik gesê dat julle julle vyande moet liefhê nie? Dink jy dat Ek hom nie liefhet nie? Dit is jou vyand in jou volk. Ek sê aan julle dat julle ver van die waarheid af leef as jy nie die liefde bo alles stel nie. Stel My bo alles, stel die liefde bo alles en bekom dit in julle harte, dan sal julle leef, dan sal Ek My oor julle ontferm en dan sal jy My ryk kan ingaan en deel hê aan die boom van die lewe. Ek sal met jou wandel, hand in hand en arm in arm. Jy sal My liefhê hê en jou insig en wysheid sal oneindig wees, soos Ek dit aan julle beloof het. Maak jou liefde groot in jou, en Ek sal groot wees in jou. Neem My lewend in jou op, glo in My, vertrou in My. Ek, julle Vader sê dit, omdat Ek weet wat julle moet hoor en doen om te bly lewe in die tyd wat gaan kom. Neem My woorde ter harte en glo dit. So spreek Ek, die ewige onveranderlike alleen wyse Elohim. Amen.

# Hoofstuk 5

*2008.02.05*

Die verborgenheid van Jahweh is vir die wat hom vrees, en Sy verbond om hulle dit bekend te maak. So het My Psalmskrywer gesê en dit was eintlik My gees wat dit deur hom gesê het. Ek sê julle dat dit die waarheid is, as julle die “vrees” verstaan waarvan Ek hier gepraat het. Die vrees vir My kan vergelyk word met die vrees wat ‘n kind vir sy aardse pa het. Hy vrees sy pa nie omdat hy bang is vir hom nie, maar hy het eerder respek vir sy pa wat gepaardgaan met liefde. Die vrees is vir die straf, maar as die liefde teenwoordig is, gaan dit meer oor respek uit liefde uit en wil die kind nie sy pa teleurstel nie. Sy pa is vir hom die verweer en skuiling as iets hom bedreig laat voel. Dit is sy pa waarheen hy vlug, want hy weet by sy pa is baie meer krag as wat hy besit en sy teenstander ook. So wil Ek julle leer My kinders, om My bo alles lief te hê en na My, jul Vader, te kom as daar fout is iewers. Ek sal die reg verskaf. Ek is alleen die regverdige regter wat nooit een bo die ander wil bevoordeel nie. Ek het My kinders almal baie lief en dit maak my Vaderhart ongelukkig as Ek moet sien hoe My kinders mekaar haat en voor die regbank van die wêreld wil sleep om die ander een meer uit te melk as wat hy hom eintlik verskuldig is. Ek het die voorbeeld gestel om nederig te wees en gesê dat julle julle vyande moet liefhê en vergewe. Ek het die skuld vir almal van julle gedra in My oorgrote liefde vir julle. Dien mekaar ook nou so soos Ek verlang. Nou, die vrees vir My kan eintlik vervang

word met die woord liefde. Liefde wat gepaardgaan met respek en eerbied. My belofte aan julle wat My liefhet, is dat Ek die verborgenhede aan julle bekend sal maak, as julle My liefhet en eer. Ek het baie dinge aan julle bekendgemaak wat verborge was tot nou toe deur My skryfknegte, maar Ek wil julle self daar inlei deur julle dit in julle harte bekend te maak. As julle daarna verlang, sal Ek kom en dit aan julle duidelik maak. Dit hang van elkeen self af of hy My gaan krag gee in homself deur op My te vertrou, of My krag magteloos sal maak in hom, deur op sy eie krag staat te maak. Ek sal hom nie dwing nie en los hom dat hy sy eie weg gaan in sy slimheid en eie wysheid. Hy sal wel spyt wees daaroor na alles en Ek sal hom steeds genadig wees, maar dan het hy klaar baie verbeur en verloor, die loon wat Ek hom sou gee, as hy maar net na My wou luister. My seuns, leer nou van My, want In die tyd wat kom, sal julle moet veg, maar julle eie krag wat julle nou het, sal nutteloos wees. Ek sal julle die krag gee wat julle nodig sal hê om vir My en julle volk te stry as julle noual na My sal kom en een word met My. Dit is ‘n verborgenheid wat Ek julle wou bekend maak en die meeste van julle weet dit al, omdat julle My liefhet, maar Ek sê weer aan julle dat julle julle liefde moet vermeerder deur die werke van die liefde te doen en sodoende een raak met My, julle Aller Vader. Neem My lewend in jou op, dit wil sê, glo in My, hê My lief en eer My in alles en Ek sal die verborgenhede IN julle bekendmaak, want Ek is mos in julle nê? In My volle glorie ook, dit hang af hoeveel jy op My vertrou en My liefhet. Dit wil Ek julle weer op die hart druk, My kinders, want die tyd is min, ja, glo My, die tyd is min. So spreek Ek, julle Vader, weer tot julle vandag. Luister daarna. Amen.

# Hoofstuk 6

*2008.02.05*

My kinders, Ek wil die volgende verborgenheid aan julle bekendmaak. Baie van My mense weet dit al en is baie geseënd ook om dit te weet. Ek het in My Vaderliefde, julle uitverkies om in hierdie land werksaam te wees. Julle is hiernatoe gestuur vir ‘n spesifieke doel en dit is dat julle die geestelike leiers moet wees vir die res van My volk wat ook nog in ander lande is, regoor die wêreld. Ek het sekeres uit My ryk gestuur om leiding te kom gee vir hulle broers en om die res van My volk te wys hoe die pad loop na My ryk wat Ek vir julle voorberei het. My ryk dui aan op die eenwording met My. Dit beteken dat as jy een word met My, jy in die ryk ingegaan het. My kneg sal die eerste wees wat daarin gaan en na hom ook sekeres wat Ek voor die tyd al uitverkies het om een te wees met My voor die groot stryd. My kneg, soos julle weet, is Elia. Hy is weer hiernatoe gestuur om My werk te verrig en om weer die stem in die woestyn te wees wat roep om die weg van die Meester gelyk te maak. Dit was Johannes die doper wat dit moes doen en so is hy weer gestuur na die aarde vir die vierde keer nou. Daar is nog baie bekendes in die skrif wat ook onder julle is en Ek het ‘n spesifieke doel en taak vir elkeen van hulle. Hulle weet dit nie almal nie en die sekeres wat dit weet, is deur My waardig geag om te weet. Dit maak hulle nie hoër as die res van hulle broers nie, maar Ek weet net in My wysheid

wanneer iemand ryp genoeg is om so iets te weet. Ek is julle almal se Vader en het almal ook ewe lief, maak nie saak wie of wat hy was voor hy hiernatoe gestuur is nie. My kinders wil Ek nie hê moet hoogmoedig wees nie, want dit is die verderflike pes en moet vermy word ook soos pes, as julle My ryk wil ingaan. Wie homself verneder, sal verhoog word en wie homself verhoog, sal verneder word. Dit is alles net My liefde wat dit doen en nie straf of bevoordeling as ‘n onregverdige Vader in My nie. Daar is van die wat gehoor het wie hulle was, wat dadelik nie die waardigheid daarvan gevoel het nie en hulle voor My verneder het. Ek sê aan julle, dat diesulkes wat so ‘n houding teenoor hulleself het, deur My verhoog sal word, omdat hulle besef dat hulle net lui knegte is en was wat My woord meer deeglik kon nakom. Dit, My kinders, is wat Ek wil hê, dat julle nie self sal terugkyk en dink dat julle My ‘n guns bewys het nie. Ek het julle hierheen gestuur, maar julle het steeds die keuse gehad of julle dit vir My wil doen wat Ek julle opgedra het of nie. Dit is so dat Ek die werk wat vir My in My Naam verrig word beloon, maar besef steeds dat julle niks verdien nie en dat dit alles genade is. Die wat My werk doen, sal beloon word daarvoor, maar die wat My werk uit liefde vir My doen, sal teen My bors vasgehou word deur My en hulle sal My hê, alles wat hulle wou hê, Ek. My kinders, nie almal van julle is bekendes nie, maar weet dat elkeen steeds sy doel het om te verrig in My wingerd. Volstaan daarmee dat jy net ‘n kleine kneg voor My is, maar streef daarna om My kind te wees en Ek sal jou optel, hoër as wat jy kan dink en jy sal My kind wees en Ek jou Vader. Wees tevrede met wat jy ontvang het van My, jou Elohim, en hê My lief bo alles, dan sal die dinge jou te beurt val. Daar is baie van My knegte onder julle, My kinders, wat My al diensbaar is. Luister na hulle, want hulle kom onder

My Naam. Ek stuur hulle en Ek wil julle ook so stuur. Doen My werk sorgvuldig en Ek sal julle beloon daarvoor. So spreek Jahweh Almagtig tot Sy geliefde volk in Suid Afrika, kom My woorde na. Amen.

# Hoofstuk 7

*2008.02.06*

Die hordes barbare wat om julle sal trek om die lig uit te doof, om die Dogter van My Sion te ontheilig, sal deur My verwoes word. Ek sal in MY volle glorie in julle teenwoordig wees wat nou al na My kom en een word met My. Hulle sal verwoes word deur My engeleskares wat saam met julle stry en julle sal die krag besit om dieselfde skade aan te rig, deur My wat binne julle is en een met julle is. Ek sal My kinders versterk in die tydjie wat kom, sodat hulle My kan leer ken en een word met My. Julle sal voorspoed hê na alles en Ek sal julle land ryklik seën met alles wat Ek beloof het, geestelik en vleeslik. Dit gebeur alles om julle te versterk en te reinig vir die groot geloofstryd wat sal volg na die tyd van voorspoed in hierdie land wat Ek julle gee. Dit gebeur alles met 'n doel, soos julle gewoond is om te sê. Dit alles is deel van My raadsplan in die suiwering van My volk en die bymekaarmaak van die koring in My skuur. Die kaf sal verbrand word na die dorstyd wat swaar gaan wees. Ek dors die aarde, dit wil sê julle almal gaan dit moeilik hê, slegtes sowel as goeies, maar dit is alles nodig en Ek bring die skeiding mee met diè reiniging, waarna die koring vergader sal word in My skuur en die res alles verbrand sal word. Dit sal gebeur en is baie naby ook. Die begin van die reinigingsproses is al besig om 'n aanvang te neem en sal sy piek bereik binne die

volgende ruk. Dit is nie meer jare wat oor is nie en Ek gee nie ‘n tyd nie, maar Ek sê julle dat dit ‘n kwessie van maande is. Dis hoekom Ek sê julle moet nou na My kom, My om hulp vra, julleself reinig en een word met My. Ek, julle genadige Vader maak julle dit bekend, omdat Ek weet julle nie gereed sou wees as Ek nie weer na julle sou kom deur My skryfknegte se arbeid in My Naam nie. Dit is My woorde wat Ek julle gee uit die grote liefde en genade vir julle wat Ek julle gee. Ek is die alfa en omega, die begin en die einde, omdat Ek verewig was en verewig sal wees ook. Net so sal die wat in My is, verewig wees en My dien in die grootste saligheid denkbaar in My ryk. Ek seën julle, My kinders, in hierdie tyd en julle weet nie watter groot genade dit van My af is dat julle in hierdie tyd in Suid-Afrika kan wees nie. Julle is die geseëndes wat die land sal beërwe waarvan Ek gepraat het in My Skrif van ewigheid af. Ek is julle Vader, keer tot My en hê My lief, dan sal julle deel hê aan My en My ryk. Ek salf julle tot konings en priesters in My volk.

Amen.

# Hoofstuk 8

*2008.02.06*

Nou, My liewe kind, wil Ek jou openbaar waar My liefde vir julle die regte pad sal aanwys. Ek het in My wysheid sulke mense soos julle in hierdie plek gesit as ‘n lig vir die wêreld en as sout van die aarde. Ek maak julle sterk om My werk te doen as ligdraers en sout knegte wat die donkerte en verrotting moet bestry. Ek stuur julle as My kinders en knegte die wêreld in, om Myne te vergader en die boosheid uit die harte van baie te verdryf. Ek gee julle die Mag om op slange en skerpioene te trap en jong leeu en adder sal jy vertrap. Dit was My woorde ook aan My dissipels 2000 jaar gelede en vandag sê Ek julle dit weer. Ek gee julle die mag en outoriteit om sodoende die werk in My wingerd te verrig as getroue diensknegte wat Ek weet Ek besig sal vind met My werk as Ek besoeking kom doen. Julle geloof in My, julle Vader, sal sterk moet wees en dit sal ook teen daardie tyd so wees dat julle My sal kan dien soos julle moet. Moenie bekommerd wees oor dit wat Ek julle opdra nie, want die krag en middele gee Ek altyd saam met die taak, soos jy weet, nê? Ek stuur julle uit, gaan onder My Naam en doen wat Ek julle opdra soos getroue knegte en vertrou net op My, want Ek sorg vir julle. Julle brood sal steeds uit die hemel reën, terwyl die res van die wêreld steeds van die honger sal

omkom. Dit sal geestelik en vleeslik geskied. Julle sal weer My wonders sien soos julle voorvaders van ouds wat met ‘n wolk langs getrek het in die woestyn. Die wolk dui aan op My leiding wat julle sal beskerm, ook teen die son wat steek bedags. In die aand sal julle trek onder My vuur van Liefde en reiniging. Kyk, dit sal Ek wees wat voor julle uittrek en julle sal kan getuig van My in julle midde wat julle die nodige krag gee en leiding gee om opwaarts te ontwikkel vir die wat nog nie een is met My nie, en om die stryd aan te durf met My krag, diegene wat een is net My. En so sal baie een word met My, hulle Vader, gedurende die tyd en saam sal ons verewig wees, hand in hand en arm in arm. Ek is julle Vader, Ek gee hierdie dinge aan julle, nie omdat julle dit verdien nie, maar omdat Ek lief is vir julle en julle baie genadig is. Dit maak My Vaderhart bly om die blydskap te sien wat My volk in My werk het en Ek sal hulle, julle, baie ryklik seën daarvoor. Dit is My liefde aan julle en dit sal die weg wees vir julle om te gaan in hierdie tyd. Die weg in liefde tot My en die liefde tot jou broeder langs jou. So sal julle dan wees My blye engeleskaar, wat voorheen mense was, maar nou kinders en engele. Amen, ja Amen, loof My Naam daarom, dat julle hiervan deel kan wees, Amen.

# Hoofstuk 9

*2008.02.06*

Noudat julle weet, My kinders, wie julle is en wat julle moet doen, gee Ek julle opdrag om tot My te keer en julle self bereid voor My aangesig te kom verklaar. Ek het gesê dat Ek julle die volle wapenrusting sal aantrek as julle net die skoene van bereidheid self aantrek. Baie van My kinders kan daarvan getuig, hoewel Ek hulle voete met My een gemaak het deur hul bereid te verklaar in My diens en hoe Ek hulle geklee het met die res van die wapenrusting. Dit word nie altyd ervaar deur die persoon nie, afhangende van die liefde en vertroue in sy hart. Maar Ek sê julle dat Ek wel in My volle glorie so teenwoordig was by daardie persoon as hy maar net My wou glo en liefkry om sodoende My dan te kan raaksien en ervaar binne-in hom. Ek stuur julle almal so wat na My toe kom, om My te wil dien. Ek neem julle hande en voete en seën dit ter wille van My werk. Ek seën die werk van julle hande wat in liefde verrig word onder die mense vir My. Ek seën die voete wat gaan waar Ek hul stuur. Ek het aan My skryfkneg gesê dat Ek sy voete een gemaak het met Myne toe ek hom stuur, en so sal Ek doen aan elkeen wat My wil dien in liefde vir sy broers en My. Ek help julle in My werk, maar Ek wil eers die bereidheid hê van julle kant af. Dan eers kan Ek met julle die werk

verrig, dan eers kan Ek My krag in julle openbaar, omdat dit andersins dwang van My kant sou wees. Ek sal julle bekendmaak wat julle vir My moet doen en dan sal Ek julle seën daarin, as julle blydskap daarin sal hê om My werk te doen. Ek, die Almagtige, sê dit aan julle, My uitverkore geslag, want julle is ‘n heilige priesterdom vir My, julle is My oogappel, My Sion wat Ek liefhet. Amen.

# Hoofstuk 10

*2008.02.07*

Ek wil julle meer vertel oor die eenwording met My, jul Vader. Ek is in My ryk alleen saam met enkeles wat een is met My. Julle is nog nie in My ryk nie en Ek wil met julle werk sodat julle almal daar kan ingaan. Diegene wat My ryk ingaan, is die saliges wat Ek van praat, dit is hulle wat deel het aan My Melgisédek priesterorde. Hulle sal saam met My onder een dak woon in die ryk hierna in My huis, My Melgisédek huis. Die huis van Melgisédek is die huis wat Ek gestig het in My liefde aan julle, My verlorenes, wat Ek terugbring in My Huis. Dit is in hierdie huis waar ons saam sal woon in heerskappy oor die heelal. Kyk, Ek gee die heelal aan julle as werksgebied en eiendom. My seën is groot oor julle in hierdie opsig. Kyk, julle is My kinders en Ek julle Vader. Laat ‘n Vader nie Sy kinders al Sy eiendom ook erf nie? Dit sal julle erfdeel wees en julle sal dit gladnie ten volle begryp nie, omdat dit slegs deur ‘n bewoner van My huis begryp kan word. Kyk, die eenwording met My is die wedergeboorte. Die wedergeboorte in My ryk waar julle dan sal wakker skrik as Ek julle opwek en een maak met My. Alles sal dan vir julle begryplik wees en julle sal sien in die dieptes van My ryk en My skepping, die heelal en alles wat

daarin verborge is. Ek skenk dit genadig aan julle en julle het dit geensins verdien nie. Daar is enkeles onder julle wat baie naby is aan die eenwording met My en Ek sê julle dat dit spoedig sal gebeur ook, maar in die aardse oë sal hul steeds net mense wees maar in die gees sal hulle wedergebore wees en een wees met My, hulle Vader. Hulle sal dan die mag besit wat Ek hulle verleen en die elemente sal hulle gehoorsaam wees. Die wedergeborene sal dan tog die wysheid besit om, nie net vir onsinnigheid die natuurkragte te gebied nie, maar sal die kragte aanwend vir die reiniging van My volk en die eenwording van die andere wat My nog nie ten volle besit nie. Dit sal alles gaan oor die uitbreiding van My ryk en wat uit My liefde voortvloei. So wil Ek julle dan weer nooi, om een te word met My en My nou al lewend opneem, sodat Ek kragtig in jou kan werk. Ek gee julle dit uit My Vaderliefde vir julle, My kinders. Ek klop aan julle deure en as julle net wil oopmaak vir My om in te kom, sal die hele skepping in jou binneste omgewe kan wees en jy sal die dieptes deurvors, soos My gees jou dit bekendmaak. Ek en jy sal dan bymekaar wees vir ewig en ewig. Ek seën julle, My kindertjies, Amen. Gaan nou en doen wat Ek vir julle sê, My kindertjies, Amen.

# Hoofstuk 11

*2008.02.07*

Die dinge wat met julle gebeur, is dikwels wreed en onaangenaam vir julle en dan wonder julle of Ek julle nou verlaat het, of wat die rede is dat julle so alleen voel. Ek, My kinders, weet waarom dit so gaan met julle en verseker julle dat Ek nie een tree van julle af weg is nie. Ek onttrek My net in die gevoel van My nabyheid in jou en dan voel dit asof Ek jou heeltemal verlaat het. Ek wil julle leer hoe Ek met julle werk en waarom sulke dinge met julle gebeur. Partykeer gebeur dit so dat iemand geweldig siek word en pyne ervaar, of net bloot eenvoudig 'n verskriklike pyn in die bors of skouers. Ek is besig om julle, My volk, rein te maak en wanneer so 'n reiniging van die bose deeltjies in so 'n persoon plaasvind, word dit meestal in pyn en siekte ervaar. In party mense meer as in ander, omdat nie almal eweveel onsuiwerhede in homself bevat nie. Die eindproduk egter, is baie beter en dit is net te danke aan My genade en erbarming om so 'n siel te bevry van sy sondigheid en boosheid wat hy homself mee volgemaak het deur sy lewe op aarde. Ek reinig die wat Ek liefhet en doen dit ook vir 'n spesifieke doel in sy lewe, ter wille van hom,

sowel as die ander om hom. Kyk, Ek is rein en geen onreinheid kan voor My bestaan nie. In My ryk kan geen onreinheid ingaan nie en daarom maak Ek die skoon wat van goeie wil is en My regtig soek in die diepte van hul harte. Dit word dalk nie self deur hulle aan My gevra nie, maar Ek kan sien en hoor in die diepte van die siel wat tot My roep, al is dit nie willekeurig deur die persoon self nie, maar diep binne hom waar hy/sy nie eers kan hoor nie. Ek hoor dus die sagste fluistering na My en antwoord dit ook altyd. Die wat wil rein word, sal rein gemaak word deur My, maar dit kos eers die selfverloëning en wil om rein te word. Dan kan Ek met My mag en liefde daardie persoon aanraak en reinig. Die onreinheid in so ‘n persoon belet hom op baie dinge in My ryk, sonder hy of sy dit agterkom. Ek sal My kinders almal rein maak, Ek sal My volk suiwer en die wat hardkoppig is, sal ook gesuiwer word, maar hard mee gewerk word deur My. Nou praat Ek nog deur My koel windjie van liefde en barmhartigheid, maar as die tyd van genade uitgeloop het, sal almal gesuiwer word soos deur ‘n smeltkroes heen. Die onreinheid word dan weggebrand en as jy al meer een geword het met jou boosheid, sal jy dalk heeltemal vergaan. Dit is ‘n harde proses, maar vloei steeds voort uit My Vaderliefde vir julle, My kinders. Luister nou na My en doen soos Ek sê. Gehoorsaam My as Ek met julle werk en moenie hoogmoedig wees en teen die reiniging skop nie, want dan sal dit moeilik met jou gaan en verbeur jy ook baie dinge wat jy van My sou erf as jy maar net wou luister. Amen, My kindertjies, neem My lesse ter harte en julle sal lewe in die grootste saligheid, Amen.

# Hoofstuk 12

*2008.02.08*

My kinders, vandag wil Ek julle leer hoe Ek te werk gaan met die opstandiges, as dit om My woord gaan. Hulle is vol hoogmoed en daarom die opstand in hulle as hulle met My woorde te doen kry wat hulle leer om nederig te wees. Ek het die vereiste gestel om nederig en vol liefde te wees as iemand in My ryk wil ingaan, maar niemand sover is rein genoeg daarvoor nie. Die nederigheid is nog maar min, selfs onder My kinders, want dit gaan nog baie oor die “eie ek” in die meeste gevalle. Kyk maar net hoe maklik jy omgekrap kan word deur jou naaste en dan ruk jy jou maklik op en snou hom iets terug toe. Dit is alles nog eieliefde en kom voor uit hoogmoed. Want kyk, “niemand moet so met my praat nie” en “wie gee hom die reg om my so te antwoord”, “ek is dan die of daai persoon wat weet waarvan ek praat” en “Vader praat dan met my”!? Kyk, My kinders, dit is verwerplik voor My aangesig en so ‘n houding sal nooit in My koninkryk toegelaat word nie. Dit is dan ook die mense wat sê, “het ons nie in U Naam duiwels uitgedryf en siekes genees

nie? Het ons nie kragtige dade onder U Naam gedoen nie?" Kyk Ek sê julle dit is nie in My Naam gedoen as dit nie in nederigheid en liefde gedoen is nie. Aanvaar nou dat jou broer beter is as jy, al doen hy ook wat en bid vir hom as hy iets verkeerds doen wat jy dalk nie doen nie, want Ek sê vir julle dat as Hy hom sal bekeer, hy 'n beter mens dalk as jy sal wees en 'n ware voorbeeld vir ander. Daarom mag julle nie neersien op andere wat nog in hul onreinheid vasgevang is nie. Nie een van julle is rein nie en daarom maan Ek julle om nederig te word, omdat jul nie andersins My ryk sal ingaan nie. Nou wil Ek julle bekendmaak wat met diegene gebeur wat My woord verwerp, terwille van hul eie hoogmoed en eiedunk. My woorde is vir hulle hard en hulle hou nie daarvan om die waarheid te hoor waaraan hulle skuldig is nie. Hulle beoordeel My woorde volgens hulle kennis en is ook maar te bly as hulle iets kan vind wat teenstrydig klink met die Bybel. Die mense sal 'n harde pad hê voor hulle hulleself sal verneder. Ek begin sag werk met almal, maar die wat nie luister nie, word al harder mee gewerk tot hul luister. In die tyd wat kom, gaan daar baie gewondes wees en sekeres wat noue ontkomings gaan hê. Dit sal die mense wees wat My woorde nie wou glo nie, maar tog van goeie wil was, ten spyte van hul hoogmoed en eiedunk. My kinders wat een is met My, sal dan diegene wat in die nood verkeer moet gaan help om hulle sodoende te bearbei vir hulle harte wat gered moet word van die hoogmoed. Hulle sal sien dat diegene wat hulle in hul hoogmoed gesmaad het, nou die is wat deur My bygestaan word en die krag in hulle besit wat uit My voortkom. Hulle sal baie spyt wees oor hulle veroordeling en skinderpraatjies en dan sal hul tot insig kom. Dit is alles in My liefde vir hulle ook dat hulle hierdie "straf" moes deurmaak, sodat hulle verlos kan word van hul

hoogmoedsduiwel wat in hulle teenwoordig was. Daar sal wel die wees wat steeds nie wil luister nie en steeds sal neersien op My knegte, maar met hulle sal Ek dan nog harder werk. Op die ou end sal niks meer eieliefde in My volk teenwoordig wees nie en die wat te hard is om mee gewerk te word, wat hom nie wil verneder nie, sal weggeneem word onder My volk en sal 'n droewige pad in die hiernamaals hê om te gaan. Steeds gee Ek nie moed op met sulke siele nie en die plek waarin hulle sal wees, sal dien tot die reiniging van hulle siele. My kinders sal steeds werksaam wees in die hiernamaals onder daardie siele en kosbare arbeid verrig, maar daardie siele, al kom hulle ook reg, het die kindskap in My ryk heeltemal verbeur. Hulle sal tog salig wees as hulle maar net wil, maar in 'n ander ryk. Dis hoekom dit so belangrik is om nie jou tyd op aarde te verspeel nie, maar om gehoor te gee aan My stem wat julle roep en leer wat heilsaam is vir julle siele. Ek roep julle in My Vaderliefde in hierdie tyd, verhard julle harte nie, en luister na My stem, want Ek gaan nie meer vir lank so sag praat soos nou nie, nee in die tyd wat kom, sal julle 'n ander sy van My sien wat julle sien as die sagmoedige beïnvloedbare Jesus van jul vormgeloof. Luister nou na My, My kinders, want Ek roep julle sag, luister. Amen.

*(Ek het hier vir Vader gesê dat Ek nie verstaan nie, want Hy is mos sagmoedig? Waarop Hy My antwoord "Ja, My seun, maar as jou pa jou pak gee, lyk hy vir jou sagmoedig?")*

# Hoofstuk 13

*2008.02.08*

Ek vervul die met My gees wat na My toe kom en daarna verlang. Ek laat My Gees kragtig in die werk wat op My vertrou en in My glo, wat waarlik glo dat Ek in hom of haar is in My volle glorie. EK IS, sê Ek julle, EK IS in julle in My volle glorie en kan deur julle kragtig te werk gaan as julle My net sal toelaat, deur op My te vertrou en My lief te kry. Keer in jou binneste gedurigdeur en soek My daar, want Ek IS daar. Keer in jou binneste en praat met My daar en Ek sal jou hoor. Dis hoe Ek wil hê julle moet vir My bid ook. Ek het gesê dat alles wat julle in My Naam sal vra, Ek julle sal gee. Dit beteken nie dat julle alles sal kry wat onnodig is op hierdie aarde as jy net jou gebed afsluit deur te sê “In U Naam vra ons dit” nie, nee, dit beteken dat alles wat julle vra, in My orde en uit die liefde vir My en julle naaste, in ‘n vaste vertroue op My, sal kry. Ek verhoor die gebed van die regverdige, van die een wat My liefhet met sy hele hart en siel en sy verstand. Dit beteken ook om te vra deur die liefde wat jy voel vir My.

So ‘n gebed kan Ek nie afwys nie en sal Ek ook nie onverhoord laat nie. Dit sal geskied as die persoon wat bid dit in My Naam (liefde) vra. Daar bestaan ook die dwaasheid onder julle dat as die Naam verkeerd uitgespreek word, die gebed nie verhoor sal word nie. Ek sê julle dat niemand die korrekte Naam van My ken as hy nie die liefde besit nie. Daar word baiekeer deur die “Israeliete” op die kerkmense neergekyk oordat hulle die naam Jesus gebruik. Dit is wel nie die korrekte Naam wat Ek gehad het op aarde nie, maar dit is die Naam wat My verheerlik in baie se harte. En so vir die “wysheid” daarvan, Jesus is nie die Antichris soos wat baie beweer nie, dit is ‘n dwaling van satan om tweedrag tussen My volk te saai. Ek laat My ken deur die liefde in die persoon se hart, ongeag of hy My ken as Jesus of Jahshua. Ek is julle genadig gewees en het julle My Naam bekend gemaak, naastenby oor hoe dit uitgespreek was daardie tyd toe Ek die aarde bewandel het, maar weet dit, dat julle niks beter is as julle broers wat My ken, wel as hulle Jesus, wat hulle van kleins af geleer is nie. Julle Vaders het ook daardie naam gebruik en Ek het hulle verhoor, was dit die Antichris wat hulle gered het? Nee, sê Ek julle, dit was Ek, die enige Abba Vader wat My kinders ken deur hulle liefde vir My en hul naaste. Ek hoor julle as julle My roep in My Naam wat Ek julle bekendgemaak het, maar Ek hoor dit slegs as dit uit liefde vir My gedoen word en nie hoogmoed nie. Dan gebruik jy My Naam ydellik, as die Naam in hoogmoed vir eie gewin gebruik word. Dit is eie gewin in die vorm van eer of beter wees as ‘n ander wat as ‘n dwaas en leek bestempel word deur die hoogmoediges as Hy nie die regte Naam ken nie. Ek wil hê dat julle My sal dien soos dit My behaag en nie julle nie. As Ek julle iets opdra om te doen, dan verlang Ek dat julle gehoorsaam sal wees. Ek is Jahshua, julle

Elohim wat julle uit Egipte uitlei en My wonders aan julle bekend maak. Julle sal almal ooggetuies wees van My mag, weer soos in die woestyn. Ek lei julle weer uit en beskerm julle weer onder My wolk bedags en onder My vuur snags. Julle sal My dan eers ken, as julle een is met My, nie as julle die korrekte Naam se uitspraak ken nie. Dit sê Ek aan julle om julle te leer om nederig te wees en My lief te hê bo alles. My kinders, Ek wil vir julle nog so baie sê en julle dieper in My verborgenhede en geheime inlei, as julle maar net wil luister en My lesse leer en ter harte neem.

Amen

# Hoofstuk 14

*8 Februarie 2008*

My kinders, soos baie van julle al agterkom, is dinge besig om vinnig te gebeur. Alles vang spoed en elke dag sien julle net meer en meer hoe die dinge om julle gebeur. Dit, My kinders, is die tekens van die eindtyd wat julle sien en Myne glo en besef dit ook. Julle sal binnekort My kneg sien wat Ek uitstuur voor My om van My te getuig en My weg te berei. Ek stuur hom en dis nie sy eie besluit waarheen hy wil gaan en wat hy wil sê nie. Dit is My wil, omdat My wil sy wil is en sy wil Myne is. Ons sal een wees in siel en gees en Ek sal aan hom alles bekend maak. Hy sal deur almal kan sien en kyk wat in die diepte aangaan van die mense wat voor hom staan. Hy sal My diensbaar wees soos dit My behaag en glo My, Hy kom na jou ook, na elkeen wat van goeie wil is. Julle sal hom sien en aardsgesproke sal hy niks beter lyk as ‘n gewone mens nie, maar die wat die lig in hulleself het, sal ook die lig in daardie persoon herken en hom volg, My volg, want

wie na hom luister en hom volg, volg My. Ek het baie knegte wat Ek sal uitstuur en baie van hulle was al onder julle as gewone mense met gewoontes van gewone mense ook, maar in der waarheid is dit gesante van My wat My werk doen soos Ek hulle dit opdra. Hulle bring ‘n boodskap direk van My na julle en as julle nie oppas nie, kan julle dalk gruwelik teen My sondig, deur teen hulle te sondig. Ek stuur hulle en wie hulle vloek, vloek My, wie hulle slaan, slaan My en hulle sal dan ook bitter spyt wees daaroor, maar die skade wat hul aangerig het, sal dan klaar daar wees en nie maklik ongedaan gemaak kan word nie. Die skade is nie soseer gemaak in My kneg wat te na gekom word nie, maar in die siel van die een wat sy hand teen so ‘n kneg van My lig. Dit sal dan as ‘n duisternis ervaar word of ‘n donker kol op die siel wat baie moeilik uitgewas kan word. Dit is dan ook die sonde teen die Heilige Gees wat Ek gesê het nie vergewe kan word nie. Dit is egter verkeerd vertaal en weergegee in die Skrif, dit moet eintlik lui:”Wie die gees bedroef wat tot hom spreek, sal nie vergewe word deur homself nie want sy siel het die vlek oor homself gebring en homself dus geoordeel”. So ‘n siel ervaar dan die hel wat hy oor homself gebring het en dit is nie Ek wat uit woede daardie siel in die hel stort nie. Daarom, My kinders wat nog verdwaal is, wil Ek julle aanraai om te luister en nie ‘n oordeel te vel oor die wat dalk in My Naam kan kom en voor jou staan om van My te getuig of die woorde wat Ek hom opdra om vir jou te gee nie. Dit is al wat Ek wil sê hieroor. Ek wil julle net waarsku om versigtig te wees as dit gaan oor My knegte wat Ek stuur. Ek is wel ‘n genadige Vader, maar hoe hardkoppiger julle gaan wees, hoe harder sal Ek met julle moet werk. Leer nou die les van My en weet dat dit waar en gewis is. Amen.

# Hoofstuk 15

*9 Februarie 2008*

Ek bring julle in My huis. My kinders, julle moet My soek in hierdie tyd, sodat julle die huis van My kan bewoon soos Ek dit wil hê vir julle. Wie hom by My skaar en My woorde glo soos Ek dit My skryfknegte ingee, sal ook in My huis opgeneem word. Ek sal My koring vergaar en by My in die skuur inbring. Ek maak julle rein deur die dorstyd wat die satan en sy magte oor die mensdom gaan en dors. Dit is reiniging vir die dele in My volk, maar die dorstyd sal kom, dat Ek sal dors onder die wat oorbly en die laastes sal dan ingebring word onder die koring en kaf wat oorbly op die dorsvloer. Ek maak julle nou rein, wees dankbaar daarvoor dat Ek nou al met julle begin werk en julle die krag gee om dit te deurstaan. Ek werk onder My volk en My Gees word elke dag net meer kragtig onder diegene wat My soek. Jou pa was reg oor die bangoed in die volk en dat julle nie enigsins iets van

die bose by julle mag hê nie. Ek sê julle, wie rook, suig die bose so diep in sy siel op en Ek kan niks daaraan doen nie, omdat dit sy vrye wil is om die bose in hom op te neem. Ek maak vry van die bose dinge vir die wat vry wil wees en My daarom vra, maar netso laat Ek die bose toe om gevange te hou, die wat gevange wil wees. Ek is ‘n regverdige Elohim en het My kinders lief en verlang ook dat hulle My ook so lief sal hê. Dit kan slegs gebeur deur die vrye wil toe te laat in iemand se lewe. Andersins sal dit dwang van My kant wees en geen spontane liefde uit die persoon se binneste vir My nie. Ek haat dwang en sal ook nooit iemand dwing nie. Die wêreld waarin julle lewe vandag is net die teenoorgestelde. Hulle hele sisteem bestaan uit dwang en van die vrye wil is daar geen sprake nie. Slegs die vrye wil word toegelaat om te laster en te vloek, wie en wat hulle wil. Maar wanneer dit oor werk en rykdom gaan, is daar net slawe en “zombies”, soos julle sê, om die werk te doen. Elke werker word uitgemelk om net meer rykdom in te bring en hulle stop hom die paar Rand in die hand om hom of haar gelukkig te hou en net maar aan te gaan in hulle bose sisteem. As jy nie daarby betrokke is nie, beteken dit die dood vir jou, omdat jy dan nie sal kan koop of verkoop nie. Ek het egter gesê dat Ek vir die sorg wat vir My werk. As Ek dan die heelal skep en planete vrugbaar maak om allerhande dinge voort te bring, sal Ek dan ook nie die mag besit om vir julle te sorg nie? Ek sê julle Ek sal en wie op My vertrou, sal geen tekortkoming hê in enige vorm nie. Ek is julle Vader, eer My daarom dat Ek julle sal seën en voorsien in julle aardse bestaan, sowel as die geestelike. Dit is dan die betekenis ook om in My huis woonagtig te wees. Ek sorg vir julle, maak nie saak wat nie. Ek sal aan julle voorsien, want Ek is ‘n Vader van oorvloed en gee oorvloedig aan My kinders wat My

liefhet. Amen.

# Hoofstuk 16

*2008.02.09*

My kinders van My volk het droogvoets deur die Jordaanrivier getrek, omdat Ek die pad vir hul oopgebaan het. Ek het met My Josua gespreek en opdrag gegee dat die verbondsark met My priesters vooruit moet trek tot hulle by die Jordaanrivier kom. Ek het die waters gestil en dit het opgedruis boontoe in die rivier. Maar My Israel het deurgetrek sonder dat die water hulle klere selfs benat het en die sole van hulle skoene het nie ‘n druppel water gesien nie. Ek het My kneg Josua opdrag gegee om vir My die klipstapel op te rig binne-in die Jordaan waar My priesters met die verbondsark bly staan het, totdat die hele volk deur was. So het Ek hul dan gewys dat Ek My woorde gestand doen wat EK hulle gee deur My kneg Josua en almal kon sien dat hy My by hom het. My

kinders, in hierdie tyd wil Ek hê dat julle almal so in My sal glo soos My kneg, en dat julle almal vir My Josua's kan wees wat onder My Naam staan en doen wat Ek julle opdra. Wees My woorde wat uit My mond uitgaan en nie leeg terugkeer na My nie, maar doen waarna Ek jul stuur en hê sukses in wat Ek spreek moet gebeur. Amen! Nou verder: My Josua het van My opdrag gekry om twaalf klippe uit die Jordaan te neem en in 'n sirkel te pak aan die buitekant van die rivier sodat dit as 'n gedenkteken sou staan vir die wat later sal kom en sien, sodat hulle kan glo in die God van Israel. Die eer sou My toekom en nie die volk of hulle leier, Josua nie. Dit alles gaan oor die verheerliking van My Naam onder wie hulle getrek en gehandel het. Ek het My Josua opdrag gegee om dit te doen en die hele volk het hom gerespekteer oor sy geloof in My en My krag wat in hom gewerk het. Kyk, wie homself verneder, sal verhoog word. So het Ek hom dan verhoog voor sy broers, sodat hulle hom kon respekteer in My Naam waarin en waarvoor Hy gestaan het. Hy het homself nooit verhoog of eenkeer voor sy broers verhoog nie, en Ek sê julle dat dit 'n baie moeilike ding is om te doen vir iemand wat deur My verhoog is. Ek het almal ewe lief en stel nie een bo die ander nie, maar Ek weet hoekom Ek leiers aanstel om oor My volk te heers in liefde, nie uit heerssug nie, maar in liefde en nederigheid. Dit is meer My leiding as enigiets anders. So het Ek dan gehandel met My volk, en so sal Ek ook handel in elkeen wat een word met My, hulle Vader. Hulle sal dan My leiding kan toepas op die volk onder hulle wat Ek daargestel het, totdat hulle almal die land beërwe het. Dan is daar nie meer 'n leier nie, maar elkeen het My as sy leier. Dit is dan die geestelike sy van die verhaal. Wie die beloofde land intrek agter My knegte wat klaar daar is, sal dan een wees met My. Dit is die beloofde land, My

ryk, die eenwording met My, hulle Vader. Eens as almal daar in is, is dit gelykheid wat sal heers in naasteliefde en liefde tot die Vader wat hulle dit geskenk het, Ek. Dan is dit nie meer nodig vir ‘n geestelike leier nie, want elkeen sal My as sy persoonlike leier hê en die insig besit om My te dien in alles wat Ek sê. So sal almal dan kinders wees en nie knegte of skape wat versamel moet word elke dag en opgepas moet word nie. So sal dit dan medehuisgenote wees van My, hulle Vader, wat die totale beskerming van My het, asook die krag om die vyand kaf te maak. So wil Ek julle vandag leer om nederig te wees en My knegte ook, omdat die satan listig is met sy hoogmoed wat hy jul influister. Verneder jouself voor My en jou broeders, en Ek sal jou saam met jou broers wat hulle ook verneder, verhoog. Amen.

# Hoofstuk 17

*2008.02.10*

My kindertjies, die tyd is min en Ek sluit nou hierdie boekie af deur My skryfkneg gegee aan julle, omdat Ek ander werk vir hom het. Hy sal nie meer verder skryf nie en dus sluit Ek nou die boek af. My kinders, julle weet al genoeg om My self te vind as julle die ander geskrifte ook gelees het wat Ek julle deur My skryfknegte gegee het en Ek sê julle dat hierdie dun boekie ook genoeg sou wees om My te vind, as julle net wou, want die materiaal van My woorde hierin het die lewe tot gevolg, as julle net daarna sal luister en dit toepas in julle lewens. Ek het julle vermaan om nederig te wees en My lief te hê bo alles, dit sal genoeg wees om in My ryk te kan ingaan as julle dit net beoefen. Amen! Nou My kinders, wil Ek julle net weer waarsku en voorberei op die dinge wat gaan

kom binnekort. Die kneg van My sal voor My uitgaan en die pad vir My gelykmaak in My volk en die wat ore het om te hoor, sal hoor. Ek stuur hom nou na julle toe, wat waardig daarvoor is en lewe. Ek het almal ewe lief, maar Ek weet op wie dit ‘n mors van tyd sal wees, aangesien die tyd baie min is en Ek net na die sal kom wat My in hulle dra en My waarlik soek. Ek sal hulle vergader soos die blommetjies in die veld, soos beskryf aan My ander skryfkneg. Die deur se skrefie is vinnig besig om kleiner te raak en binne die volgende klein rukkie sal hy toe wees en die wat buite is, sal met moeite en baie trane moet werk om in te kom as hulle wil. Kyk, dit is ‘n harde pad wat gevolg sal word om in te kan kom, omdat hulle nie wou luister na My woorde nie, maar in My Vaderliefde sal Ek steeds met hulle werk. Al sal dit ook hard wees op hulle, sal dit steeds My genade wees. Nou My kinders, as hierdie kneg van My klaar gewerk het, en dit is nie baie lank wat hy besig gaan wees in die stille briesie nie, sal die oorlog uitbars in julle land en dan sal die suiwering van My volk begin onder die hardkoppiges. Dit sal donker wees, soos wat My profeet van amper ‘n honderd jaar terug gesê het, maar vir die wat by My skuil in My ark, sal dit nie so donker wees nie en na die tyd sal die lig weer skyn in hierdie land, as die storms van reiniging klaar uitgewoed het. Dit sal ‘n tyd van ongekende vrede en vreugde wees en Ek sal ook onder julle wandel in My oorgrote liefde vir julle. Net na die oorlog verby is, sal Ek julle vergader by Migdol soos Ek beloof het en daar sal Ek die wet en orde stel vir die vredestyd wat sal volg. Dit sal die wet en orde wees wat voortvloei uit naasteliefde en liefde tot My, jul Vader. Ek sal self in die vlees onder julle vertoef en julle leer en na elkeen kom wat My opreg gesoek het. Amen. My kinders, luister na My woorde en neem dit ter harte, Amen.